UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
19 MAR 1965
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

**I.M.S.**

**Vol. I, No. 60**

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

15 Januarie 1965.

## DIE NUWE DIENSJAAR 1965

'n Stadsraad sou graag aan die einde van elke jaar wil afsluit met al sy probleme opgelos en gesette take afgehandel, sodat hy die nuwe jaar met 'n tabula rasa kan begin. Ongelukkig werk dit nie so in die praktyk nie, en die Raad sal reeds by sy eerste maandvergadering op 28 deser te staan kom voor 'n ou klomp harde neute wat maar nie wil kraak nie. Onder andere is daar die vraag of Meulstraat verbreed moet word om die aansluiting met Piet Retiefstraat te verbeter. Almal stem saam dat iets gedoen moet word maar daar is groot meningsverskille oor hoe dit moet geskied. Nogtans is daar bouskemas in daardie gebied wat op uitvoering wag en gevolglik sal die Raad genoodsaak wees om 'n besluit te neem. Insgelyks is daar die vraag hoe Van Riebeeckstraat verbeter kan word. Die moeilikheid is hier weer dat so baie private eiendomme geraak word en daarby wil 'n mens ook nie die skilderagtige verkeerslaan skend nie. Tegnies is daar natuurlik verskeie oplossings, maar met die sentimentele aspekte gaan dit moeiliker.

Die oorskakeling na die Provinsiale biblioteekstelsel is aan die gang, maar aanvanklik is daar heelwat moeilikheid met die verkryging van die nodige toerusting, en dit sal seker 'n tydjie duur voordat die nuwe organisasie op dreef kom. Ek glo egter dat enige ontbering op hierdie stadium ten volle vergoed sal word. Die Raad was gelukkig genoeg om ervare en goed gekwalifiseerde personeel te rekruteer, asook die dienste te behou van die twee dames wat vir soveel jare die taak alleen moes verrig.

Dan begin ons ook die nuwe diensjaar met die inwerkingtreding van die Bestuurskomitee vir die Kleurlinggroepsgebied. Die Administrateur het die vyf lede daarvan benoem en die eerste vergadering word nog vandeesmaand gehou. Ons sien met groot belangstelling uit na die resultate wat hierdie belang-

rike nuwe orgaan in ons bestuurswese gaan behaal. Ons weet almal dat dit die eerste stap in die rigting van selfbestuur is, en ongetwyfeld is daar baie voorbereidende werk wat gedoen moet word voordat daardie ideaal verwesenlik sal wees. Die eerste komitee sal natuurlik in sy huidige vorm slegs vir 'n oorgangstermyn van twee jaar dien, en daarna kry die Kleurlinggemeenskap die geleentheid om self 'n aantal lede te kies. Intussen moet daar voortgegaan word met die opstel van 'n kieserslys vir hierdie doel, en dit op sigself, sal seker heelwat in beslag neem. Ek wil opreg vertrou dat die Kleurlinggemeenskap met die nuwe Komitee hartlik sal saamwerk. Die eerste lede van die Komitee is die here P. Newman, H. J. Davidse, H. J. Hendrickse, P. R. Poole, B. L. Williams, en ek wil hul namens die Raad en die gemeenskap van Stellenbosch gelukwens met die besondere eer wat hulle te beurt geval het.

'n Aangeleentheid wat vanjaar pertinent die aandag van die Raad sal moet geniet is die daarstelling van 'n doeltreffende besoekersburo. Dit is opmerklik dat daar jaarliks 'n skerp styging is in die getal besoekers wat by die Munisipale kantore kom inligting soek. Tot dusver het ons maar probeer help met die beskikbare personeel, maar die behartiging van die roetinepligte maak dit soms onmoontlik om reg aan die besoekers te laat geskied. 'n Faktor wat ook baie hinder is die gebrek aan behoorlike huisvesting vir so 'n buro, en dis waarskynlik dat die Raad hom verplig sal voel om die beplanning van bykomende kantore te bespoedig.

Ten slotte net 'n woord van dank aan die reisende publiek vir hul eerbiediging van die verkeersreëls oor die Kersgety. In Stellenbosch het ons betreklike rus en vrede gehad vir sover dit ongelukke betref. Ek verneem van ons Verkeershoof dat Stellenbosch reeds derde plek in die tussenstedelike padveiligheidskompetisie verower het, en dis 'n prestasie vir ons gemeenskap waarop ons met reg trots kan wees.

---

22nd January, 1965.

**RESIGNATION OF CLR. P. B. VAN NIEKERK**

It is with sincere regret that I have to announce the resignation from the Council of Mr. P. B. van Niekerk, who was elected Town Councillor in September 1963.

With his wide experience of Divisional Council affairs, Mr. van Niekerk proved to be a valuable link between the two local authorities who have so many common interests. At the same time we were able to make extensive use of his wide

knowledge of farming operations in our dealings with lessees of municipal farms.

On behalf of all his fellow Councillors I would like to thank Mr. van Niekerk for his services to our town and to extend to him and Mrs. van Niekerk our very best wishes for the future.

We shall certainly miss his genial personality. He always showed great interest in matters concerning Stellenbosch and we trust that he will continue to do so although only in the capacity of an ordinary ratepayer.

The vacancy which has been caused by Mr. van Niekerk's resignation is now being advertised and nominations for candidates to fill it will in due course be called for.

## GROSVENOR HOUSE MUSEUM

The newly appointed Director of the local museum, Mr. H. Fransen has already assumed duty and I would like to extend a hearty welcome to him. The Council has of course been divested of all responsibility in connection with this institution, but we shall continue to show a lively interest in it's welfare. Two of the members of the Board of Trustees are Councillors.

All the necessary arrangements for the restoration of the building have been made, but due to an unfortunate delay the work has not yet commenced. The Trustees hope however, to have everything ready within a few months for a formal re-opening of the Museum.

I may in passing just mention that the Library Staff is working hard effecting the switch over to the Provincial Library system. We shall in due course announce the date on which the Library will be re-opened.

## STAFF MATTERS

The Municipality has in recent times experienced considerable difficulty recruiting men to fill the different vacancies which occur from time to time. This applies especially to those posts requiring specialised training.

Our Electricity Department in particular has been very hard hit and urgent development works have as a result been seriously delayed. The Council at its next meeting on 28th January will once again have to consider the position.

29 Januarie 1965.

## BESTUURSKOMITEE VIR KLEURLING-GROEPSGEBIED

'n Tydjie gelede het ek daarvan melding gemaak dat die vyf lede van hierdie Komitee behoorlik aangestel is, en dat hy vanaf die begin van 1965 sou fungeer. Ek het die voorreg gehad om die Komitee se eerste vergadering onder die Voorsitterskap van mnr. P. Newman by te woon en om die gelukwense van die Stadsraad en die blanke gemeenskap aan hulle oor te dra. My indruk was dat die Komitee terdeë bewus is van die groot en ernstige taak wat op sy skouers rus, maar terselfdertyd is ek ewe oortuig dat die Komitee die vermoë en begeerte het om 'n sukses daarvan te maak. Ek het hulle verseker van die hulp en bystand van die Stadsraad se kant, maar ook daarop gewys dat hartlike samewerking tussen die Komitee en alle liggame, in Idasvallei asook van die hele gemeenskap in die Kleurlinggebied ewe onontbeerlik is as die Komitee iets wil bereik in die strewe na uiteindelike selfbestuur. Dis 'n grootse ideaal en daar lê ongetwyfeld 'n lang pad met harde werk voor. Nog eens wil ek die Komitee alle sukses toewens.

## PROVINSIALE BIBLIOTEEKSKEMA

Reeds vanaf die begin van die maand word daar hard gespook om die beoogde oorskakeling afgerond te kry sodat die biblioteekdiens in sy nuwe gedaante so gou doenlik oopgestel kan word. Ernstige probleme is egter ondervind met die verkryging van die nodige ameublement, aangesien omtrent geen onderneming oor die vakansietyd kontrakwerk wou aanvaar nie. Tot my opregte spyt moet ek dus hier aankondig dat die biblioteek waarskynlik nie voor begin Maart gereed sal wees nie, en dat die Kinderafdeling moontlik vir nog 'n later datum sal moet wag. Vir my persoonlik is dit 'n groot teleurstelling, maar ek vrees dat dit onvermydelik was.

Nogtans sal dit moontlik wees vir voornemende intekenaars om reeds vanaf Maandag, 8 Februarie te registreer, en ek sal dit waardeer indien die publiek van hierdie geleentheid gebruik wil maak ten einde toustanery uit te skakel wanneer die diens werklik aan die gang kom. Die ou registers is natuurlik almal gesluit en intekenaars moet opnuut registreer. Daar is geen intekengelde te betaal nie — die Stadsraad dra al die koste.

## STADSBEPLANNING

Die Stadsraad is die afgelope jare van tyd tot tyd versoek om gebruiksregte te verander, en die stadium is bereik waar die vraag ontstaan of 'n algehele hersiening van die bestaande Stadsbeplanningskema nie noodsaaklik geword het nie.

Stadsbeplanning is hier so lank as 1945 ingevoer, en dis denkbaar dat die beginsels en voorgeskrewe reëls van destyds verouderd kon geraak het. Om kleinere wysigings stuksgewys af te handel kan soms daartoe lei dat die geheel naderhand uit verband raak, en die Stadsraad is tans besig om met 'n firma van konsultante oorleg te pleeg oor die kwessie van 'n totale hersiening. Die koste sal waarskynlik hoog wees, maar in die lig van al ons verkeersprobleme is dit gerade om vroegtydig vas te stel waar gekonsentreerde ontwikkeling kan plaasvind en waar nie.

'n Tweede belangrike faktor is die behoud van ons gedenkwaardighede. 'n Realistiese beplanningskema kan moontlik help om hierdie belangrike probleem op te los, en ek glo dat die Raad om hierdie rede alleen die steun van die publiek sal hê as dit by die bewilliging van fondse kom.

---

5th February, 1965.

## THE PRESS

*Die Burger* has decided to open a branch office at Stellenbosch with Mr. P. van Niekerk in charge. I was glad to see him attending the January Council meeting and to welcome him on behalf of the Council.

While the Press necessarily devotes far more time and space to matters of national importance, newspapers can also be of great value and assistance to a Municipality by giving as much prominence as possible to affairs of a more local nature. Unbiased, factual reporting on the acts and decisions of a local authority is of the greatest importance and benefit to the public.

Furthermore we look to the Press for its co-operation in our desire to get for Stellenbosch the publicity it deserves, especially in these days when Tourism plays such a great part in our economy.

I gladly give the assurance that the Council and its officials are eager to do everything in their power to reciprocate by giving the Press representatives every assistance.

## DALE'S FERTILIZERS

The negotiations with this firm have come to an end and they have decided not to proceed with the establishment of a branch at Stellenbosch, the main reason being that adequate supplies of sawdust could not be obtained locally.

## VACANCY ON THE COUNCIL

Up to the time of writing this review, it is uncertain whether an election will actually take place. If more than one nomination is received, an election will be held on the 3rd of March. If only one nomination is received, the person nominated will be declared duly elected on nomination day — the 5th of February.

## SWIMMING BATH

The Council has been informed that the University's swimming bath will no longer be available to the public after the 6th February. We are grateful to the University for allowing us the use of the bath during the holiday period.

While on this subject I can report that the Council has resolved to accept the principle of a Municipal swimming bath. Details are now being worked out and the public will in due course be consulted again.

## IDAS VALLEY HOUSING SCHEME

The contract for the 168 housing units at Idas Valley has been signed. Mr. S. Gava was the successful tenderer, and the amount of the contract is R97,920.00.

It is hoped that a start will be made with the work almost immediately. The period of the contract is twelve months.

---

12 Februarie 1965.

## ONS NUWE RAADSLID

Mnr. H. L. Strydom was die enigste kandidaat wat vir die vakature op die Stadsraad genomineer is en hy is dan ook onbestrede as Raadslid verkies. Hiermee wil ek hom namens myself en my mede-raadslede baie hartlik welkom heet in ons geledere en die vertroue uitspreek dat hy gou tuis onder ons sal voel en die werk van die Raad interessant sal vind.

Nadat mnr. Strydom gedurende die twintiger jare sy graad in die Landbou op Stellenbosch behaal het, het hy dosent op Elsenburg geword waar hy as 'n kenner van die tabakbedryf bekendheid verwerf het. Twee maal het hy oorsee gegaan om 'n studie van hierdie bedryf te maak. By sy aftrede in 1960 was mnr. Strydom Hoofvakkundige beampte in bevel van die Turkse Tabakproefstasie op Elsenburg.

Mnr. Strydom dien op die Kerkraad van die gemeente Stellenbosch-Sentraal en is ook 'n geesdriftige rolbalspeler.

## DIE VERENIGDE MUNISIPALE BESTUUR

Die V.M.B., soos hy kortweg bekend is, het die afgelope dae sy jaarvergadering in Kaapstad gehou. Hierdie liggaam bestaan uit verteenwoordigers van munisipaliteite uit al die provinsies en S.W.A. en ook die Vereniging van Afdelingsrade van Kaapland is daarby ingeskakel. Dit kan met reg die Munisipale Parlement van ons land genoem word.

Die verrigtinge is deur Minister J. F. W. Haak geopen wat veral die werksaamhede en doelstellings van die nuwe Departement van Beplanning waarvan hy hoof is, bespreek het. Die Minister het o.a. gewys op die rol wat plaaslike owerhede in enige beplanningskemas sal speel en het in die verband gepleit vir noue samewerking tussen die sentrale, provinsiale en plaaslike outoriteite.

## STADSBEPLANNING

Die Raad het op 28 Januarie 1965 besluit om die firma Field en Munroe, Stadsbeplanners en Argitekte, van Kaapstad, te vra om 'n voorlopige verslag oor 'n voorgestelde hersiening van ons stadsbeplanningskema op te stel. Ons oorspronklike stadsplan is reeds meer as 15 jaar gelede vir die eerste keer toegepas en intussen het ons dorp sodanige ontwikkeling ondervind dat hy in baie opsigte onherkenbaar verander het.

Met die vooruitgang en verandering is talle probleme geskep terwyl reeds bestaandes moeiliker geword het. Ek hoef slegs na ons hoofpadstelsel, verkeer- en parkeerprobleme, wydte van strate, hoogte van geboue in verskillende dele van ons dorp ens., te verwys om die noodsaaklikheid van 'n deeglike en deskundige ondersoek na hierdie en ander vraagstukke te beklemtoon.

Die oorspronklike stadsplan is natuurlik al herhaaldelik gewysig en dit op sigself skep ook onsekerheid en somtyds

verwarring. Deur hom te wysig en aan te pas in die lig van omstandighede van vandag hoop ons om 'n gesonde basis vir verdere ontwikkeling te skep, met behoorlike inagneming van die feit dat Stellenbosch die tweede oudste dorp in die Republiek is en dat ons alles in ons vermoë moet doen om dit te behou wat die moeite werd is om vir die nageslag te bewaar.

**LEIWATER**

Ek is gevra om veral die kinders te waarsku, om onder geen omstandighede die water wat in die slote in ons dorp loop, te drink nie. Dikwels is hierdie water met siektekieme besmet en kan die drink daarvan ernstige gevolge hê.

W. C. DEMPSEY.

---

PRO EC. 2/65—12201